

"Die boek raak jou na aan die hart. Dit is nie net baie goed geskryf nie, maar deurspek met humor en 'n duidelike en geloofbare verklaring dat die menslike gees nie blusbaar is nie."

– Lona Gericke –

Laai die gratis onderwysersgids vir die wenner van die 2016 M.E.R.-prys vir Jeuglektuur hier af:

http://www.nb.co.za/Books/18708

Die boek is geskik vir:

- Afrikaans Huistaal Graad 6 & 7
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 8, 9 en selfs 10.

Prys

Ouma Jansie het altyd gesê slegte goed gebeur in dries. Eers het Ma my gedrop met die spuite, toe detensie en uitmis op die rugby. Ek hoop die sleg is verby dat die son weer 'n slag oor my wat Elton April is, kan begin skyn.

Net voor die laaste periode kom die afkondiging: "Al die seniors moet asseblief gou in die saal bymekaarkom voordat julle gaan aantrek vir rugby en netbal."

"Yes!" sê Gert-Jan.

Ek smaail vir Dawid en hy vir my. Ons dink dieselfde ding: die hoof gaan ons spiets oor die waterspuitery en dan gaan hy sê hy vergewe ons en ons mag vanmiddag se game gaan jol.

Maar dis Mister Reddy en twee suits wat by Wolles en die hoof op die verhoog sit voor 'n Spar-banier. Die hoof stel dadelik vir Mister Reddy aan die woord.

"Hello, kinders," sê hy. "Julle onthou die art competition, nè? Well, die mense hierso van head office sê Laerskool Jakaranda het die meeste entries in die land gehad. Daarvoor wen julle nou die tjek van tienduisend rand. Kom skud hande, meneer!"

Almal cheer en stamp voete.

"En nou wil julle seker weet wie die wenner van die prente is?"

check woordeboek

Ek sit solank op my hurke (hirke?/herke).

"Daar was soveel mooi prente om van te kies, so die deal is nou dat ek gee vir die hele skool elkeen 'n donut."

Mister Reddy klap sommer vir homself hande saam met ons.

"En julle sal bly wees om te hoor die national winner kom ook uit hierdie skool. Sy naam is . . . Dawid Bekker! Kom, Dawid, kom staan hier by my."

My hart val tot op die vloer. Dawid Bekker die hakkelaar? Hoe de . . .? Hy kan dan nie eens praat nie! En van wanneer af kan hy teken? Hy's dalk slimmer as 'n Chappies-papier, maar hy teken soos . . . soos . . . GLAD nie so mooi soos ek nie!

Mister Reddy hou die wenprent op vir almal om te sien. So . . . dis hoe die wind waai! Die mannetjie het vuil gespeel: hy't pastelle gebruik terwyl ek my vingers stompies gewerk het met kleurpotlode. WANT EK HÉT NIE PASTELLE NIE. EK HET NOOIT NIKS!!

NÎE (?) (Dubbele nie?)

"Have a donut, son," sê Mister Reddy vir my terwyl ons wag vir die foto.

Ek soek nie 'n donut nie en Dawid én Mister Reddy kan gaan skuit. Ek staan ook nie by Dawid toe die klas afgeneem word vir die advertensie nie. Toe die suit met die kamera "Cheese!" sê, trek Gert-Jan een van sy tipiese moves en druk sy hand voor my gesig.

(Ek kry nie die ander woord in die woordeboek nie.)

Nét so het die ou dit afgeneem: Dawid met sy fat cat bakkies en ek met 'n hand voor my gesig. En nét so lyk die foto nou op die nuwe advertensiebord tussen die flêts en die Spar. Want ek, Elton April, is mos 'n gesiglose nobody!





In die **tweede Elton April-verhaal** is Elton in graad agt. Eers dink hy die twee matriekboelies wat sy lewe versuur, is sy grootste probleem. Dan besef hy egter oom Tienie Bakkes wat oorkant hom en sy ma in die aftree-oord woon (lang storie), is 'n véél groter boelie.

Maar net mooi NIKS en géén boelie ruïneer sy lewe soos wat sy eie ma dit doen deur swanger te raak nie. Elton is kwaad – en nie sommer 'n bietjie nie.

Om die waarheid te sê: hy pluk homself soos 'n bloedrooi tamatie. Hy's so gevaarlik soos 'n handgranaat waarvan die pennetjie reeds uitgetrek is. En as hy uitvind wie die baba se pa is, gaan dié ou [redacted]. Kom ons praat liewer nie so in die openbaar nie. Weet net: dan het die ou MYLE se moeilikheid!